Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.



Jrg. 11. Kaapstad, 20 Augustus 1952. Prys 3d. Nr. 38.

AFRIKANERS MOES LES OP SÊ ONDER BRITSE BEVEL

'n Waarskuwende lig op die toestande wat kan ontstaan wanneer Suid-Afrika sy verdediging onder Britse opperbevel stel, word gewerp deur die feite wat vervat is in die amptelike geskiedenis van die oorlog in Noord-Afrika, „Crisis in the Desert," sowel as deur aanvullende opmerkings wat in persbesprekings van die boek gemaak is.

Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse leërleiding nie op 'n bed van rose onder die Britse opperbevel gelê het nie, en dat daar 'n neiging by die Britte was om die Suid-Afrikaners maar alte maklik bloot te stel. Teen hierdie blootstellings moes genl. Dan Pienaar so volhardend veg dat hy uiters ongewild by die Britse generaals geword het, maar deur sy eie mense byna aanbid is.

Crisis in the Desert is die eerste boek oor die oorlogsgeskiedenis wat op gesag van die Suid-Afrikaanse regering uitgegee word, en behandel die tydperk tussen die slag van Gazala en El Alamein. Dit is opgestel deur prof. J. A. I. Agar-Hamilton en maj. L. C. F. Turner, wat self byna geen kommentaar lewer nie, dog hoofsaaklik die feite vir hulself laat praat.

Dit is bekend dat die val van Tobruk in Engelse kringe heelwat skimpe op genl. H. B. Klopper ontlok het, maar die feite wys die Britse genl. Ritchie, opperbevelhebber van die Agtste Leër, aan as die persoon wat die meeste skuld aan die val van Tobruk het. Hy was nie in staat of gewillig om sy bevelvoerder, genl. Auchenleck se bevele uit te voer nie en het genl. Klopper sonder behoorlike dekking gelaat.

Laasgenoemde is aangesê om Tobruk te verdedig sonder dat 'n mynveld gelê is, terwyl genl. Klopper se verbinding met die hoofkwartier uiters ellendig was. Daar was soms ure-lange oponthoude met belangrike boodskappe, en op een tydstip was daar geen verantwoordelike

(Vervolg van vorige kol.)

kenning nòg 'n antwoord ontvang.

Aan die einde van Maart kry die sekretaris 'n telegram van 'n kameraad waarin hy hom meedeel dat hy informasie gekry het dat die regering nie meer die wetsontwerp gaan indien nie maar dat die saak glo „administratief" opgelos sal word. Soos ons nou almal weet was die informasie juis.

instansie by die hoofkwartier om te raadpleeg nie. Toe die Suid - Afrikaanse bevelhebber laat weet dat daar geen tenks meer oor was nie, is aan hom gevra of hy die vyand se tenks of sy eie bedoel!

AFSKEIDSBOODSKAP

Toe Ritchie uiteindelik besef dat die verdedigers van Tobruk in flenters geslaan is, het hy „ewe hoflik" die volgende boodskap aan genl. Klopper gestuur — boodskap wat 'n wrange smaak in die mond van die ontvanger gelaat het:

„Die hele Agtste Leër het jou dappere geveg met bewondering gadegeslaan. Jy is vir ons almal 'n voorbeeld en ek weet Suid-Afrika sal trots op jou wees. God seën jou en mag jy voorspoedig wees waar jy jou ook al mag bevind."

Vir Klopper en sy 33,000 manne het dit die interneringskamp beteken. Die resensent van Die Burger se opmerking in verband met hierdie episode lui:

UITGELEWER

"Die skrywers was spaarsaam met kommentaar of blaam en laat die feite vir hulself spreek. Daarom is die aanklag teen die Britse oorlogsleiding in Noord-Afrika wat uit die nugtere bladsye van hul boek straal, des te meer verdoemend. **Dit openbaar 'n toestand van onbevoegdheid en domme selftevredenheid by die opperbevel van die Britse Agtste Leër wat byna ongelooflik is. Selfs na tien jaar kan die Suid-Afrikaanse leser die boek nie sonder vlae van verontwaardiging lees nie, by die gedagte dat die twee Suid-Afrikaanse divisies aan hierdie soort leiding uitgelewer was . .** Die Tweede Divisie het die slagoffer geword van onbeholpenheid en verwarring by daardie leër se hoofkwartier. Die Eerste het ternouernood by Gazala ontkom en kon later 'n eervolle rol by die voorkering van Rommel se uitgeputte magte by Alamein speel."

GENL. PIENAAR

Van genl. Pienaar word verklaar dat, hoewel hy in die oë van sy eie mense geen fout kon begaan nie, sommige Britse generaals hom nie verdra het nie omdat hy onder meer nie gediend was met hul „jy moet maar net doen en sterf-houding" nie, te uitgesproke was, te veel van 'n Boere-taktikus en te vasbeslote was om die lewens van sy manskappe te spaar.

Hy was 'n oorspronklike soort bevelvoerder met skerpsinnige taktiese insig, maar hy het 'n ingebore wantroue in hoër gesag gehad en het altyd eers die moeilikhede deeglik wou oorweeg voordat hy tot optrede oorgaan. **Die resensent van die Argus verwys in verband hiermee na 'n geval, wat buite die bestek van die boek val, waar hy „beslis geweier het om sy brigade bloot te stel in operasies wat tot hul vernietiging sou lei hoewel dit van hom vereis was ten behoewe van ander Suid-Afrikaanse en Nu-Seelandse brigades."**

SWAK LEIDING

Nadat die skrywers as verskoning vir genl. Pienaar se uitgesproke kritiek die senuweespanning waaronder hy verkeer het noem, verklaar die Argus-resensent: **„Dit sou egter moeilik wees om, soos die besonderhede van hierdie boek aantoon, die gemors wat daar gemaak is van die beplande verdediging van Mersa Matruh ná die val van Tobruk en die hervatting van die ‚galop' te oordryf. Daar is groot dapperheid geopenbaar, maar weinig generaalskap."**

WEER SO

Waar daar verlede week uit Londen berig is dat die Britse regering so pas aan die Unieregering die besonderhede van die Midde-Ooste-bevel verstrek het, word die volk van Suid-Afrika opnuut daaraan herinner dat ons seuns onder Britse opperbevel sal moet veg in 'n volgende oorlog — 'n opperbevel wie se ongelooflike onbevoegdheid en domme selftevredenheid in die geskiedenis geboekstaaf staan.

Vertoë Eindig in Teleurstelling vir Geïnterneerdes

Die teleurstellende verloop van oud-geïnterneerdes se pogings om vergoeding te kry vir persone wat onskuldig aangehou was tydens die Smutsbewind asook die vervolging van diegene wat valse verklarings teen hulle afgelê het, word weergegee deur die sekretaris van die Bond van Oud-geïnterneerdes in 'n omsendbrief. Daarin word verklaar dat bondslede nou bewus is van die „verligting" wat die regering aan staatsamptenare skenk. Nie-staatsamptenare word nie in aanmerking geneem nie. Die verslag lui as volg:

1948. Twee maande nadat die H.N.P.-regering aan die bewind gekom het, het verteenwoordigers van die Bond, naamlik dr. H. Graf, mnr. S. H. Eyssen, L.V., en die sekretaris 'n onderhoud met minister C. R. Swart gehad. By dié geleentheid is die hele posisie van oud-geïnterneerdes uiteengesit en die minister is gevra om: **(1) oud-staatsamptenare wat vervolg was, weer in die diens te herstel en (ii) 'n kommissie van ondersoek te benoem wat die hele aangeleentheid van die interneringsbeleid van die Smuts-regering sal ondersoek met die oog op vervolging van persone wat valse verklarings gemaak het en die vergoeding van burgers wat onskuldig aangehou was.** 'n Skriftelike memorandum van ses getikte bladsye is aan die minister oorhandig waarin ons versoek gestaaf word. Die minister het ons baie simpatiek ontvang maar het gevra dat ons hom tyd moet gee om die saak te oorweeg en sy kollegas in die kabinet te raadpleeg. 'n Paar maande later is weer 'n onderhoud vir ons gereël, toe die eerste minister, die minister van finansies en minister Swart teenwoordig was. Weer het ons ons versoek herhaal en dr. Malan het beloof dat hy sal sorg dat waar daar onreg was reg weer geskied.

KOMITEE BENOEM

1949. Die regering benoem 'n parlementêre koukuskomitee bestaande uit agt L.V.'s wat die aangeleentheid van oud-geïnterneerdes moet bestudeer en hulle bevindings en aanbevelings by die kabinet doen. Die koukuskomitee gee aan die hand dat ons ons eise vir vergoeding moet opstel wat hulle 'n idee sal gee van die bedrag waarvoor die regering voorsiening moet maak. (Dit is wel gedoen en op versoek van die koukuskomitee is al die „eise" na die minister van justisie gepos.)

1950. Die koukuskomitee maak nou definitiewe voorstelle aan die kabinet. Die sekretaris het 'n insaë in die voorstelle gehad en hy wil hier konstateer dat as die regering gehoor daaraan gegee het, niemand rede sou gehad het om te kla nie. Intussen bly die verteenwoordigers van die Bond aktief. Daar is 'n stapel afskrifte van briewe wat aan verskeie ministers en L.V.'s geskryf is, en die voorsitter, dr. Graf, het by twee geleenthede ministers in die Uniegebou gaan spreek. In al die gevalle was die antwoord dat die beslissing nou in die hande van die kabinet is.

TELEURSTELLING

1951. In Maart kry ons toe die goeie nuus dat die kabinet ten laaste tot 'n besluit gekom het en dat minister Naudé 'n wetsontwerp betreffende oud-geïnterneerdes in die parlement gaan indien. Niemand het geweet wat die inhoud van die wetsontwerp is nie maar ons het gerugte gehoor dat slegs staatsamptenare getref word. Toe die sitting tot 'n einde loop lees ons 'n persberig dat hierdie wetsontwerp uitgestel is weens gebrek aan tyd tot die aanstaande sitting.

1952. Terwyl die sitting aan die gang was, verneem ons dat minister Dönges, en nie meer minister Naudé, die wetsontwerp gaan indien. Op aandrang van die voorsitter skryf die sekretaris 'n brief aan minister Dönges waarin hy die verloop van sake sedert 1948 uiteensit en in die brief bied hy die Bond se hulp aan by die opstelling van die wetsontwerp. 'n Pleidooi word ook vir die manne wat nie staatsamptenare is nie, gemaak. Op hierdie brief is nòg 'n er-

(Vervolg in volgende kol.)

OUDSTRYDER PRAAT OOR DIE REPUBLIEK

Die Wellington-kommando van die Ossewabrandwag het soos gewoonlik verlede Vrydagaand weer die verjaardag van die Ossewabrandwag gevier by geleentheid van 'n braaivleisfunksie op die plaas Houtbaai van mnr. C. P. J. du Toit (kommandant). Daar was ongeveer 250 Afrikaners bymekaar en die verrigtinge het vlot en gesellig van stapel geloop. £63 is ingesamel. Eerw. J. M. N. Breedt, wat by die geleentheid die woord gevoer het, het oor Die Republiek gepraat.

Dr. Greyvenstein het die vergadering met gebed geopen en die aanwesiges het staande 'n mosie van roubeklag aangeneem in verband met die afsterwe van dr. Van Zyl se vader.

Die voorsitter, mnr. Du Toit, het gesê dat die verjaardagfunksie vanaand gehou word om die republikeinse vlam brandend te hou wat tydens die simboliese ossewatrek — die geboortejaar van die Ossewabrandwag — so hoog opgevlam het. Die Afrikanervolk wou en wil nog altyd die republiek hê. Maar hy kry dit nie. Wat hinder dan? Dis die partypolitiek wat die hindernis is. Daarom is die Ossewabrandwag gebore om die republikeinse ideaal voortdurend te dra, bokant die wisselinge van die partypolitiek, en om die Afrikanervolk saam te snoer en in beweging te hou na sy republikeinse eindbestemming.

Die kommandant het al die aanwesiges hartlik welkom geheet — die nie-lede van die O.B., die lede van omliggende en van die plaaslike kommando's. Hy het gesê dat dit tot dankbaarheid stem dat daar oral in die land nog Afrikaners is — al is hulle maar min — wat gewillig is om die republikeinse vlam voortdurend aan die brand te hou en nie net by gunstige geleenthede nie. Hy het hoofkomdt. „Pikkie" Basson van Malmesbury, spesiaal welkom geheet, wat ten spyte van 'n siekte van meer as vyf maande vanaand ook hier is — met krukke en al. Hy het hom krag en gesondheid toegewens namens sy talle O.B.-vriende.

REPUBLIKEIN

Die kommandant het gesê dat eerw. Breedt, die spreker, onder die republikeinse vlag gebore is, vir die republiek geveg het en as krygsgevangene in ballingskap weggevoer is na 'n verre vreemde gebied van die Empire. Hy is 'n man wat sy volk en sy Meester trou gedien het — as sendeling en later as moderator van die Sendingkerk. Na 'n bediening van 40 jaar is hy vandag weer in die diens van die kerk. Ons het hom dikwels gehoor as kerkman; vanaand gaan ons hom hoor as volksman.

Eerw. Breedt het begin deur te verklaar waarom hy oor die republiek kan praat. Spreker het 'n geval wat hy as jong sendeling in 1906 ervaar het, toe

(Vervolg op bls. 2, kol. 3.)

DIE O.B., WOENSDAG, 20 AUGUSTUS 1952

TEEN DIE STELSEL— NIE DAARBINNE

Die vraag word dikwels gestel hoe die ideaal van 'n partystelsellose republiek verkry kan word, soms ook deur mense wat die begrippe „stem" en „party" met mekaar verwar en gevolglik meen dat daar vir en in 'n republiek sonder die partystelsel nooit gestem kan of sal word nie. Dit is natuurlik verkeerd. Die wese van die partystelsel lê nie in die stem (verkiesing) of selfs in die bestaan van 'n politieke organisasie nie. Dit lê in die aard van die politieke organisasie en die plek wat daaraan deur die parlementêre konstitusie toegeken word.

Die party word naamlik aanvaar as 'n gevolmagtigde agent van die volk om as uitvoerende gesag te regeer **sowel as om die volk by daardie uitvoerende gesag te verteenwoordig — 'n teenstrydigheid wat in ewewig gehou word slegs deur die aanvaarding van die bestaan van 'n alternatiewe party wat om die agentskap meeding.**

Waar ander demokratiese stelsels die ewewig tussen regeringsgesag en volksgesag probeer handhaaf deur 'n duidelike skeiding tussen regering en volksverteenwoordiging op 'n grondslag van gelyktydigheid, soek die partystelsel die ewewig in beurtmakery tussen twee partye wat elk op sy beurt vir 'n termyn absolute beheer oor sowel die uitvoerende as die wetgewende gesag uitoefen.

PROGRAM TEEN PROGRAM

Dit bring mee dat die politieke party nie bestaan ter bevordering van 'n bepaalde aspek van die openbare lewe alleen nie, maar dat hy die hele linie van volksbedrywigheid moet dek. Langs die strewe na 'n republiek, moet hy ook sy standpunt ten opsigte van kleursake, onderwys, bemarking, nywerhede, bosbou, paaie, waterskemas, ens., ens., stel, en wel — terwille van die gladde werking van die stelsel — by wyse van teenstelling tot die „program" van die ander, meedingende party. Vandaar die begrip „opposisieparty" wat sy eie allesomvattende lys van standpunte aankondig wat van dié van die ander verskil.

Deurdat die partystelsel die volk se reg op eie verteenwoordiging ingeruil het vir die reg op 'n keuse tussen twee agente wat al sy funksies op politieke gebied moet behartig **vorm regeringsparty en opposisieparty aanvullende onderdele van dieselfde masjien. Deur die een teen die ander te veg, hou hulle net die stelsel in werking. En daarom is dit onsinnig om te meen dat ons ideaal van 'n nuwe stelsel ooit bereik kan word deur by een van die bestaande partye aan te sluit — jy word maar net 'n kleinere onderdeel van die stelsel.**

TEEN STELSEL

Maar indien 'n bestaande party sou aankondig dat hy hom aan hierdie parlementêre spel onttrek en nie meer teen die ander **party** gaan veg nie, **maar teen die stelsel self,** sodat hy in plaas van die vereiste allesomvattende „program van beginsels" net met die enkele punt van staatshervorming kom, dan verander hy van wese, en kan hy aanspraak maak op ondersteuning.

Die geskiedenis bied nie 'n voorbeeld waar 'n bestaande party so 'n wesensverandering ondergaan het nie. Dit bied slegs voorbeelde van nuwe organisasies of bewegings wat die stryd teen die partystelsel aangebind en suksesvol beëindig het. Die enigste ander metode was die kortpad van 'n staatsgreep — meestal deur die leër — soos ons dit in Portugal, Spanje en miskien nou in Egipte aanskou het. In Frankryk is daar op die oomblik 'n nuwe proefneming aan die gang wat miskien 'n eiesoortige bevryding uit die partystelsel kan oplewer. 'n Onbekende mannetjie het sonder enige organisasie agter hom 'n regstreekse beroep op die volk bo-oor die koppe van die partye gedoen, nadat die president hom met die regering belas het. Hy kon dit egter alleen regkry nadat die partye mekaar onderling so vasgewoel het dat nie een meer kon regeer nie. Oor hierdie interessante ontwikkeling sal ons in 'n volgende uitgawe meer breedvoerig uitwei.

Intussen kan ons volstaan met te beklemtoon dat die partystelsel alleen van buite aangetas kan word. Daar moet 'n organisasie kom wat baie duidelik die keuse van stelsel teenoor stelsel aan die volk voorhou, en nie van **partyprogram teenoor partyprogram nie.** So 'n organisasie kan deelneem aan 'n gewone verkiesing sonder dat hy daardeur 'n politieke party word, want hy beveg nie programme — waardeur hy die stelsel juis in werking hou nie, maar hy beveg die stelsel. By 'n eventuele oorwinning gaan sit hy nie as regering binne die stelsel nie, maar is sy eerste en enigste taak om die regeringstelsel te hervorm.

Daar bestaan sonder twyfel 'n magtige onderstroom by die volk vandag wat innerlik met die partypolitiek gebreek het. Hierdie stroom sal sterker word namate die partye se verwoestingswerk groter en dieper afmetings aanneem, soos ons dit in die jongste tyd aanskou. **Hierdie mense moet gekonsolideer word, maar ons sal dit nie regkry nie as ons, wat hierdie dinge die suiwerste sien, weer induik in die partypolitieke plas net weens die afwesigheid van so 'n saambindende beweging op die huidige oomblik.**

OUDSTRYDER BESIEL JEUG

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

'n Kleurling met 'n tweedeklas-reiskaartjie op 'n plattelandse stasietjie op die trein geklim het en tussen blankes wou gaan sit. Dit het 'n hele konsternasie afgegee. Twee Engelssprekendes wat saam met spr. in die kompartement was het vir mekaar gesê: „That's what we have to thank the missionaries for." Daaroor kan spr. nie swyg nie, en hy het vir hulle gesê: „Nee, ons het dit te danke aan die Union Jack." Hierdie geval illustreer 'n rede waarom daar oor die republiek gepraat moet word.

Spr. wil oor die republiek praat omdat hy in die republiek gebore is. Sy voorgeslagte is daar gebore, hy is daar opgevoed. Hy ken net die Republiek. Hy ken geen ander volkslied as: Kent gy dat volk vol heldenmoed. Hy ken geen ander vlag as die Republikeinse vlag nie.

OPGEOFFER

Spr. praat oor die Republiek omdat hy die wapen opgeneem het daarvoor, stukkend geskiet is daarvoor, in die tronk gesit het daarvoor en die voorreg gehad het om as banneling weggestuur te word daarvoor na Indië waar hy en sy makkers in 'n fort gesit het, met mure rondom hulle en slegs die blou lug bokant hulle.

Toe vrede gesluit is op 31 Mei 1902 en die Vrystaat en Transvaal hul vryheid ingeskiet het, was in daardie fort 'n geween wat mens wie weet waar kon hoor en wat in 'n gekerm weggesterf het. Toe het Johannes Celliers, afstammeling van die Voortrekkerleier, Sarel Celliers, die burgers bymekaar geroep. Die Republikeinse vlag is na vore gebring, 'n graf is gedolwe en daarin die Vierkleur begrawe. Praat van smart en trane . . . Toe het Celliers gesê: **„Ons lê hom hier weg, maar ons gaan terug na Suid-Afrika. Die dag sal kom wanneer hy weer sal opstaan."**

Dit was die eerste woord van hoop en inspirasie wat gespreek is.

TERUGKEER

Terug op die plaas in Dewetsdorp se distrik is alles verwoes en verbrand gevind. Op die dorp is die Afrikanerprinsipaal van die skool opsy gestoot en 'n Engels-eentalige in sy plek aangestel. Die magistraat en die polisie was die Engelse soldate. En onder die konstabels was die naturellesoldate wat die Boerevroue en -kinders van die plase weggevoer het.

Dit is om hierdie dinge waarom spr. oor die Republiek kan praat.

Voortgaande het spr. die dinge genoem wat hulle destyds bemoedig het.

Barry Hertzog en Abraham Fischer het die burgers op Dewetsdorp bymekaar geroep. Hulle het die agtien myl na die dorp afgestap, want hulle het niks gehad nie. Maar daar het Hertzog vir hulle gesê: Mense, moenie moedeloos wees nie. Daar sal weer 'n son opkom wat 'n beter dag vir ons volk sal aankondig.

KAAPSE ONTWAKING

Wat die Vrystaters veral bemoedig het was die feit dat die Kaaplanders begin het om Dingaansfeeste te hou op 16 Desember. Hulle het gevoel dat die Afrikaners minstens een punt gevind het waarom die volk weer saamgetrek het.

Later is selfbestuur verkry en het die skoolstryd ontvlam wat die Afrikaners weer verenig het in stryd.

Vervolgens het spr. die vraag gestel: Waarom 'n Republiek?

Eerstens, terwille van eenheid. Sodat almal in die suidhoek van Afrika Afrikaners kan wees, en die een nie 'n Hollander, die ander 'n Engelsman, en die derde 'n Duitser, ens. is nie.

Tweedens, terwille van die nasieskap. **Hoe wil ons dan 'n nasie opbou terwyl ons stukke bly van ander nasies in Europa.**

VRAAGSTUKKE

Derdens, terwille van ons vraagstukke. **Ons vraagstukke is Suid-Afrikaanse vraagstukke. Die Britse arbeiders en die Britse parlementslede begryp daar niks van nie. Dis ons eie unieke vraagstukke. Dat mense soos Scott praat soos hulle praat en redeneer soos hulle redeneer, is omdat hulle behep is met die gedagte dat ons 'n stuk van oorsee is.**

Vierdens, terwille daarvan dat ons onsself moet wees. En dan is ons 'n republiek. As ons voorouers die land skoongemaak het, as ons geslag dit opbou, en as ons land die enigste is wat ons het, waarom dan nie onsself wees nie? — waarom dan nie 'n republiek wees nie?

VERTROUE

Spr. het die vraag gestel: Kan ons ons volk vertrou in verband met die verkryging van 'n Republiek! Dis nie 'n aangename vraag om te stel nie, maar die historiese waarheid dwing daartoe.

In Oktober 1899 is die proklamasie uitgevaardig dat die Republiek in gevaar is en dat die burgers opgeroep word. 'n Groot skare het op die Markplein op Dewetsdorp bymekaar gekom. Daar het 'n burger op die marktafel geklim met die Vrystaatse vlag in sy hand, en hy roep uit: „Hierdie vlag gaan ek op Tafelberg se kruin steek." Die skare juig. Spr. se vader waarsku teen grootpratery, maar sy waarskuwing vind nie byval nie.

Nege maande later sit daardie burger in 'n Britse offisier se kantoor waar hy help om De Wet vas te keer! Spr. se vader het tot die end geveg vir die Republiek. **Dis nie die prater nie, maar die dader na wie die volk moet opsien.**

„BITTEREINDER"

Na die oorlog, toe die bitter-einders se bewegings nog grotendeels deur die Engelse aan bande gelê was, het talle Hensoppers Kaapland ingeval met kollektelyste om geld te kollekteer vir hulle — die „bitter-einders" — wat nou weer 'n begin moes maak!

Spr. het ook aangehaal van die geval in die krygsgevangenekamp in Indië waar hy was. Daar het 'n aantal Boere 'n Memorie opgestel om aan die Engelse owerheid voor te lê waarin hulle onderneem om nie alleen die eed van trou aan die Britse kroon af te lê nie, maar selfs om die wapens teen die Boere te velde op te neem — op voorwaarde dat hulle volle uitrusting, rantsoen, 10/- per dag, en deel van die buit ontvang. Hulle makkers het egter met hulle afgereken. Sommige het in die hospitaal herstel.

Ten slotte het spr. die vraag gestel: Wat van die toekoms? **Wil ons die prys vir die Republiek betaal, dan moet ons getrou wees. Getrouheid — ten spyte van die opofferinge wat geëis mag word — dit is wat nodig is om die Republiek te kry.**

HOOP

Spr. het gesê: Ek is al 70 jaar. Wie weet . . . miskien . . . beleef ek nog die Republiek.

Mnr. J. F. Malan het die gehoor se diepe waardering uitgespreek teenoor eerw. Breedt. Die gehoor het die unieke voorreg gehad om die belydenis van 'n republikeinse oud-stryder te hoor. Dit was inspirerend. Hy wil die spr. toebid dat hy die gesondheid mag behou om nog eendag die verwesenliking van sy ideaal te sien.

Aan komdt. en mev. Du Toit wil hy hartlike dank betuig, nie alleen vir die terrein en die heerlike braaivleis nie, maar boweal vir die gasvrye gees wat altyd op Houtbaai heers.

Die verrigtinge is afgesluit toe die gehoor uit volle bors Die Stem van Suid-Afrika gesing het.

Van die Os op die Esel

Deur Sybrand

Grootraad en Laertrek

Eerskomende Vrydag vergader die Grootraad en Saterdag die Laertrek van offisiere van die Ossewabrandwag. Op die vergaderings sal die verantwoordelike offisiere die Ossewabrandwag se houding insake die bedanking van sy voormalige leier, dr. J. F. J. van Rensburg, moet bepaal en daaruitvloeiende die toekoms van die O.B. moet vasstel en bes moontlik beslis.

Die besluite wat daar geneem sal word sal ongetwyfeld bepaal word op grond van die O.B. se beginsels en aanvaarde roeping sowel as met inagneming van die praktiese omstandighede wat tans bestaan. Ek wil niks meer sê oor wat gedoen moet word nie. Maar ek wil tog 'n paar dinge noem wat nie gedoen mag word nie:

Mag Homself Nie Verloën

Die O.B. mag homself nie verloën nie. Die O.B. is 'n republikeinse en 'n hervormingsbeweging. Dit moet hy bly. Die O.B. het gekom as strydorganisasie teen die gevestigde belange wat die volk verhinder om sy bestemming te bereik. Hy mag nooit 'n handlanger van gevestigde belange word nie.

Die O.B. mag nie sy roeping versaak nie. Die O.B. is geroepe om die volk te leer dat politieke partye hom verdeel en dat hy sy eenheid kan terugvind deur die beoefening van die volkspolitiek in teenstelling met die partypolitiek. Hy mag derhalwe nooit 'n aanhangsel van 'n politieke party word nie.

Heroïese Organisasie

Die O.B. is 'n heroïese organisasie wat nooit mag toegee aan die verleidelikheid van die opportunisme nie. Vir duisende Afrikaners beteken die Ossewabrandwag 'n beweging wat enduit vir sy beginsels sal veg — ongeag die opofferings wat die stryd mag verg. Die O.B. mag nie sy beginsels prysgee of versaak om homself te kan handhaaf nie; as dit nodig is moet hy selfs gewillig wees om onder te gaan terwille van sy beginsels.

Omdat die Ossewabrandwag daardie historiese kontinuïteit is, nl. die strydende kern wat oor geslagte heen die selflose stryd van die volk gevoer het, mag die Ossewabrandwag nooit ondergaan nie.

Terwille van die piëteit van die kameraadskap wat in die Ossewabrandwag opgebou is mag nie toegelaat word dat daar in die beweging getwis word nie. „Ek is my broer se hoeder." Dit mag almal vergeet, maar nie die Ossewabrandwag nie.

Die Ossewabrandwag mag nie die eerlike en ongeveinsde Afrikaners wat hul laaste hoop in hom gevestig het teleurstel nie.

HOUDING TEENOOR N.P.-MAATREËLS

Mnr. H. P. Grobbelaar, Pk. Williston, skryf:

Ek wil graag aan u 'n paar vrae stel en ek hoop u sal my daarop volledig antwoord. Ek lees in elke uitgawe van u blad hoe u die partypolitiek, die regering en sy hoofleier kritiseer. Sal u asseblief vir my sê of u die volgende werke of wette goed- of afkeur: Groepsgebiedewetgewing, apartheidsmaatreëls, gemengde huwelikewetgewing, ontugwetgewing, burgerskapwet (wat van ons elkeen 'n Unieburger maak sonder om 'n Britse onderdaan te wees), en die wetgewing op die onderdrukking van die kommunisme.

Verduidelik asseblief indien u die wetgewing nie goedkeur nie, wat u beoog vir die blankedom in Suid-Afrika, en sê my asseblief wat het die O.B. in die elf jaar van sy bestaan meer en beter vir Suid-Afrika en die volk gedoen as die N.P. in vier jaar van bewind. Nee, my O.B.-vriende en alle landgenote wat Suid-Afrika eerste stel en strewe na 'n republiek, los daardie getwis en staan saam en vernietig imperialisme en die Blikfakkels. Ons vaderland is te dierbaar en geen eerlike Afrikaner sal hom met sulke metodes vereenselwig nie. Kom Afrikaners, staan saam en red Suid-Afrika en hou hom blank.

Ek hoop u publiseer my brief en die antwoorde op elke vraag.

(Die maatreëls op groepsgebiede, bloedvermenging, burgerskap en kommunisme keur Die O.B. nie net goed nie, maar het ons ook by die verskillende geleenthede aangeprys en verdedig waar nodig. Dié oor apartheid het ons met voorbehoud verwelkom. Ons het naamlik daarop gewys dat hierdie maatreël nie die wortel van die kleurvraagstuk raak nie en dat 'n eensydige toepassing van 'n apartheidsbeleid soos dié op die treine, waar blankes nog toegelaat word om tussen nie-blankes te ry, maar nie andersom nie, net verset by die nie-blankes uitlok. **Maar bowe-al het ons beklemtoon dat die kleurvraagstuk nooit duursaam opgelos kon word deur middel van die partypolitieke stelsel nie, omdat hierdie stelsel 'n opposisie vereis wie se plig dit is om elke regeringsmaatreël te opponeer, en dat as gevolg van hierdie gedwonge en amptlike opposisieskap die verhouding tussen blanke en nie-blanke by die dag versleg. En verder dat alle maatreëls van die regering uiteindelik weer omver gewerp kan word deur die „alternatiewe regering" waarvoor die partystelsel voorsiening maak, en wat, volgens die Britse en ons eie partypolitieke geskiedenis na elke derde verkiesing gebeur. Met ander woorde: die mooi en goeie maatreëls van die Nasionale Party het net betekenis solank hy aan bewind bly, en die aard van die stelsel is so dat hy nie vir altyd aan bewind kan bly nie.** Wat die O.B. dus in die elf jaar van sy bestaan gedoen het, was om die volk se oë vir hierdie waarheid te probeer oopmaak. As hy nie daarin geslaag het of nog sal slaag nie, sal die wetgewing van die Nasionale Party nie net tevergeefs gewees het nie, maar miskien nog eendag soos 'n klip uit 'n onbeholpe hand op ons eie kop neerval.

Wat die republiek betref: **Dit help nie om Britse onderdaanskap af te skaf maar aan die ander kant steeds meer Empire-konferensies te hou waar Suid-Afrika op militêre en ekonomiese gebied stewiger aan Brittanje vasgekoppel word nie. — Red.)**

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

KENNISGEWING

Aan kamerade en vriende wil ons graag bekend maak dat ons 'n nuwe teekamer in Du Toitskloof geopen het. Alle soorte verversings, asook etes is verkrygbaar.

MNR. EN MEV. MÖLLER.

20/8/2B

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Staaleweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

Gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. G14/6/50

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

SIEKTES en Kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

Soos Ons Lesers Dit Sien

altans so het hulle dit aan ons uitbasuin toe hulle nog opposisie was — om weg te breek van die Britse stelsel is hulle nou na byna vyf jaar so Brits dat daar reeds besluit is om ons seuns op te offer aan Baäl, naamlik om Britse belange te gaan help verdedig indien oorlog uitbreek.

Waarom maak die regering so? Is die republiek dan nie binne hulle bereik nie? Het ons hulle dan nie om die rede aan bewind geplaas nie? So vra iemand my nou die dag.

My antwoord was, ja, maar hulle het nie by hulle beloftes gebly om weg te breek van die Britse Empire met sy verdelenle goddelose partystelsel nie. Daarom, omdat God nie sonde kan duld nie en die partystelsel waaraan hulle nou so glo en vaskleef 'n vloek is, sal hulle nie die republiek bring nie.

Ons moet ook nie skrik as mense en veral leiers wat eers so vurig op die regte pad was, afdwaal na die gemaklike breë weg nie; hulle sal ook nes die ander in die verlede niks langs daardie weg bereik nie.

Laat ons op die smal weg van die Christen bly; laat ons O.B.-blad voortgaan om die waarheid aan ons volk te verkondig.

Ek put meer uit die O.B.-blad as uit al die ander koerante saam, omdat hy aan my die waarheid vertel en sy strewe eerlik en opreg is.

So geagte mede-republikeine, ek vra u laat ons nie medepligtig wees aan die verloëning van ons ideaal, waarvoor ses-entwintig duisend vroue en kinders omgekom het in die konsentrasiekampe van die Britse Empire, die moeder van die partystelsel.

Laat ons aanhou stry; miskien is ons vrywording nader as wat ons dink. Want wêreldomstandighede kan skielik so verander dat dit vir die partypolitiek so warm word dat hulle geen ander keuse het as om te trap nie. Oornag kan ons ou volkie miskien wakker skrik en dan is dit klaarpraat met partypolitiek. Ek bejammer hulle wat die kans gehad het om weg te breek van die Empire en dit nie gedoen het nie, want, onthou, God regeer.

Versuim Plig om Republiek te Bring

Mnr. D. F. de Swart, Worcester, skryf:

Wat ookal mag gebeur een ding staan vas: die wat in opregtheid kan sê ons het Christus aan ons kant, hulle gaan uiteindelik oorwin. Dit is wat ons in die O.B. wat nie die partypolitiek wil volg nie, so seker kan verwag.

Ek persoonlik glo dat dit nie die wil van God is dat ons ons vryheid langs die weg van die partystelsel gaan kry nie, omdat partypolitiek te goddeloos en sondig is. Daarom ook het ons vrome voorgeslag in die republieke wetgewing ingebring om partypolitiek uit hul regerings uit te hou.

Ek glo ook dat die Malanregering nooit 'n republiek gaan bring nie, die bewyse is reeds daar; hulle is byna vyf jaar aan bewind en is nou verder van 'n republiek as ooit.

Hoewel dit hulle strewe was—

Empire-Konferensie Oorheers Alle Sake In Londen

So belangrik beskou die Britse regering die aanstaande Empire-konferensie in November dat hy sy minister van finansies nie eens na die vergadering van die Internasionale Monetêre Fonds op 3 September in Mexico City stuur nie. Dit sal die eerste keer was dat hy nie dié belangrike vergadering sal bywoon nie (die Unie word daar wel deur minister Havenga verteenwoordig).

In Londen word verklaar dat die lede van die Fonds Brittanje se posisie wel sal begryp. Sy minister moet hom besig hou met voorbereiding van planne vir die Empire-konferensie van eerste ministers. **Hierdie werk word so belangrik geag dat alle ministers wat daarby betrokke is, aangesê is om vanaf September in Londen te bly, hoewel die konferensie eers teen 25 November sal plaasvind.**

Daar word reeds druk gewerk aan die planne in Londen.

Vervolgde Jode Besteel deur Rasgenote

£250,000 van geld wat bestem was vir vergoeding aan Jode wat tydens die oorlog in Duitsland vervolg is, is deur 'n paar Joodse leiers in Wes-Duitsland vir hulself toegeëien. Hulle is verlede week deur 'n Duitse hof gevonnis tot verskillende termyne van tronkstraf. Een van hulle is dié hoogste Joodse amptenaar in Wes-Duitsland, Philip Auerbach, wat in bevel van die Beierse skadevergoedingskantoor was. Hy is tot 2½ jaar tronkstraf veroordeel, en hoofrabbi Aaron Ohrenstein tot een jaar.

Siekte se Aard Verskil Volgens Land

Die aard van kanker verskil in verskillende lande, volgens 'n verslag wat voorgelê is aan 'n vereniging wat 'n studie maak van die verband tussen siektes en omgewing.

Dit blyk dat maagkanker minder in Brittanje voorkom as in Europa en longkanker glad nie voorkom in Ysland en Korea nie. Kanker van die lewer is meer algemeen in Suid-Afrika, Agter-Indië, Indië, Maleia, Indonesië en die Philippyne as in die res van die wêreld en kanker in die tong kom baie voor in sekere Indiese gemeenskappe.

Daar word gemeen dat aardrykskundige faktore 'n belangrike rol kan speel in die verspreiding van siekte.

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind — by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

Beter Tabak *

maak Beter Sigarette

Kommando

Suid-Afrika se *gewildste* sigaret

* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3070A

'N ROOI TSAAR VERDWYN: LOT TREF ANNA PAUKER

Toe op 8 Mei 1952 Anna Pauker, eerste minister van Roemenië, by die herdenking van die 75ste jaarfees van die onafhanklikheid van Roemenië 'n vriendskaplike telegram na Moskou stuur — antwoord Wisjinski: „Die Vryheid kom van die Ooste."

Anna is bly maar die Romeense rebelse generaal Damasneanu antwoord met die opblasing van 'n eersterangse brug wat die land Siebenbürgen met die hoofstad Bukarest verbind. Die rebelse generaal Dragalin laat deur ontploffings twee steenkoolmyne naby Petrossani buite werking raak. Die rebelse generaal Giorgescu laat die oliepype wat van Ploesti na Odessa lei, op drie plekke uitmekaar dryf.

Op 10 Mei onderteken Anna Pauker baie doodvonnisse maar sy weet nie dat haar eie doodvonnis ook reeds geskrywe is en vir die handtekening van Malenkof gereed lê nie.

In die laaste dae van Mei kritiseer „Scantea", amptelike koerant van die Kommunistiese Party. die regering Pauker met woorde wat tot nou nog nie teenoor regeringslede gebruik is nie. Die aanval van die koerant op Anna Pauker veroorsaak 'n groot opskudding.

Maar die dramatiese hoogtepunt word bereik toe Gheorghiu-Dej hoofsekretaris van die party, Anna Pauker van afwyking, van ogies-knip met die Kapitalisme en van verraad teenoor die volk beskuldig. Hy eis dat Anna Pauker, Vasile Luca, minister van finansies en minister Georgescu uit die party gestoot moet word.

Op 30 Mei vergader die sentrale komitee van die Roemeense Kommuniste-party en besluit dat Anna Pauker, Vasile Luca en P. Georgescu van al hul ampte, in die party en die polietburo onthef moet word.

AFGESIT

Op 2 Junie by geleentheid van die nasionale vergadering van die parlement word Gheorghiu-Dej tot eerste minister verkies. Anna verlaat die vergadering sonder om 'n woord te sê. Sy probeer om met Wisjinski in die Kremlin telefonies in

Deur Ski

aanraking te kom, maar kry geen verbinding nie. Kwaad en bang verlaat sy nie haar huis nie.

Anna Pauker die rooi tsaar van Roemenië, dink oor haar verlede na. Sy was tog een van die getrouste volgelinge van die Kremlin. Sy het 'n Roemeense rooi vryheidsleër opgebou en teen Hitler geveg. Op die Donau-Konferensie luister Wisjinski net na haar en behandel alle ander verteenwoordigers met minagting. By die Kominform-konferensie in Belgrado beleef sy haar grootste triomf in haar politieke loopbaan; sy is die aartsvyand van Tito.

BO ALMAL VERHEWE

Sy dink oor al die ander bekende vrouens van die party. **Wat was die Kolontey langs Anna?** niks anders nie as 'n „Apparatschik" 'n gesant in Swede.

Wat was die Passionara? niks anders nie as 'n Spaanse vrou met 'n geweer in haar hand wat kerke en paleise aan die brand gesteek het nie.

Wat was Herta Kuusinen, die leidster van die Kommunistiese Party in Finland?, te klein om met Anna te vergelyk.

Maar sy, Anna Pauker, sy was die sentrale vrouelike persoon van Wêreldkommunisme. Niemand kon haar aan ywer vir die Kommunisme oortref nie.

GROTER LIEFDE

Sy het haar eie man, Karl Pauker 'n boekhouer, verraai en verdoem toe die party hom as 'n Froskiliët aangekla het. Sy skei van hom. 'n Paar jaar later sterf hy in die kelders van die Russiese Tsekeka.

As opperbevelhebber van die vryheidsleër maak sy 'n superintendent-generaal en minnaar. Maar toe hy nie getrou aan die party-rigting is nie, stop sy hom in die tronk en laat hom later doodskiet.

Sy het die regering van dr. Grosza tot 'n val gebring. Sy het koning Michael gedwing om te bedank en te vlug. Sy het haar minister van justisie van sy amp onthef en hom as 'n verraaier tot die dood laat martel.

Sy, Anna Pauker, die rooi tsaar van Roemenië het as die enigste persoon in die wêreld 'n eie spesiale telefoonaansluiting na die Kremlin gehad. Sy kon tot enige tyd met Stalin, Molenkof, Wisjinski oor Beria praat.

En nou is die telefoonaansluiting onderbreek.

Arme Anna, arme ouma van die Kominform.

TOT TYD EN WYL

Net een man het haar getrou gebly — Wisjinski. Hy het by die polietburo daarin geslaag om Anna nog vir 'n sekere tyd as minister van binnelandse sake te laat aanbly tot tyd en wyl Malenkof sy handtekening onder die reeds genoemde doodvonnis plaas.

Anna Pauker se noodlot is deur die publiek nog minder bespreek as dié van Gomulka van Pole of van Slansky van Tsjeggo-Slowakye. As 'n koppige revolusionêre vrouens kan sy miskien voor 'n hof verskyn en deur 'n rooi hof veroordeel word. Maar sy mag ook miskien spoorloos verdwyn.

Ook haar opvolger Gheorghiu-Dej sal nie 'n lang tyd eerste minister wees nie. Die Kremlin het vir hom 'n opsigter in sy regering aangestel in die persoon van generaal Bodnaras wat 'n kwekeling van die N.K.W.D. (Geheime Staatspolisie) is.

So verdwyn die klein rooi tsare een na die ander.

Neergestorte Piering sou Russies wees

'n Russiese „vlieënde piering", volledig met 46 motore, is op die eiland Spitsbergen gevind deur 'n Noorse wetenskaplike.

Die wetenskaplike, dr. Norsel, is 'n vuurpyl-deskundige. Hy vertel dat die vliegtuig reusagtig groot is.

Die „piering" het glo 'n noodlanding op Spitsbergen gedoen.

In 'n artikel in die tydskrif Der Flieger, wat in München, Duitsland, uitgegee word, gee dr. Waldemar Beck meer besonderhede oor Norsel se vonds.

Norsel kon glo slegs aan die Russiese instrumente aflei dat die eienaardige masjien van Sowjet-oorsprong is.

GEEN MIDDEWEG TUSSEN SKEIDING EN VERMENGING

Ondervinding van kleurverhoudinge in Brittanje leer dat daar nie so iets soos „gelyke regte" vir nie-blankes in 'n blanke gemeenskap is nie. Tot hierdie gevolgtrekking kom ook die Britse geneesheer, dr. A. Thompson, in sy jaarverslag as mediese beampte van Lambeth, Londen.

Gemengde huwelike moet aanvaar word indien nie-blanke mense tot die blanke gemeenskap in Brittanje toegelaat word. So nie is dit onregverdig om hulle nie die land uit te nooi en toe te laat binne wat maar net 'n skyn van gelykheid is. Dit is beter dat hulle weet waar hulle staan, lui sy verslag, waarin hy sy standpunt as volg opsom:

„Volgens my mening moet hulle òf gesegregeer word òf ten volle en blywend opgeneem word in die blanke gemeenskap soos in Frankryk." Hy verklaar dat die nie-blankes in Londen ly omdat hulle nie heeltemal in die blanke gemeenskap opgeneem en ook nie heeltemal daaruit geweer word nie.

„Hulle word in sekere rigtings toegehou en in ander weer aangemoedig—byna vertroetel—en lê voortdurend oorhoop met die blankes. **Hul lewenswyse is so verskillend van ons s'n dat hulle nie instaat is om vryelik te meng nie, ongeag die vraagstuk van kleur."**

Hy waarsku dat die nie-blanke bevolking in Engeland aan die toeneem is en 'n oplossing is hoog nodig.

Duitse Werkers Kry Aandeel in Bestuur

Die Wes-Duitse parlement het aan die begin van die maand 'n wet aangeneem wat die Duitse werker 'n mede-seggenskap gee in die bestuur van die saak waarvoor hy werk.

Hierdie stelsel het reeds sedert 1947 in die Ruhr bestaan en dit is nou na alle nywerhede uitgebrei. In fabrieke waarin meer as 500 werkers is, sal hulle eenderde van die direkteure benoem. In kleiner sake word hul aandeel geringer sodat in die geval van besighede wat minder as twintig werkers in diens het, hulle die reg het op 'n arbeidsraad wat belas is met werkkontrakte, werkerswelsyn, geriewe en opleiding.

BRITTANJE SPEEL MIDDELMAN MET KAPITAAL

Brittanje het geld aan die Unie geleen wat hy van Amerika geleen het, en aangesien hy nou net geld vir verdediging van Amerika ontvang, sal hy nie meer geld aan Suid-Afrika kan leen nie, het professor F. W. Paish, van Londen, in 'n personderhoud verklaar tydens 'n besoek aan die Unie. Suid-Afrika sal nou elders moet soek vir kapitaal en regstreeks by Amerika aanklop, het hy gesê.

Uit wat hierdie Britse professor verklaar, blyk dit dat Londen nie net die middelman van ons handel in produkte is soos hy vir baie jare was toe selfs botter uit Denemarke deur middel van Londen na Suid-Afrika moes kom nie, maar dat hy ook 'n winsgewende middelmanposisie beklee ten opsigte van kapitaal-verskaffing.

Die mees gesogte betalingsmiddel in die wêreld is vandag die dollar. Nou blyk dit dat Brittanje hierdie gesogte betaalmiddel van Amerika af invoer en dan weer sy minderwaardige sterling weer na die dominiums uitvoer. **Dit het die voordeel vir Brittanje dat Suid-Afrika moet sy sterling nie in Amerika noodsaaklike goedere kan koop nie, soos hy kon gedoen het met Amerikaanse kapitaal. Hy is dus hoofsaaklik op Brittanje aangewese vir sy behoeftes, en sodoende word die ekonomiese Ryksbande verstewig.** Maar aangesien Brittanje veel minder van ons koop as hy van ons (die verskil is byna £100,000,000) moet Suid-Afrika sy tekort nog met goud aanvul, sodat Brittanje nog die verdere voordeel geniet om met Suid-Afrikaanse goud in Amerika te koop waarmee Suid-Afrika self daar kon gekoop het.

OPOFFERING VIR S.A.

Vir Suid-Afrika het dit die nadeel dat hy baie noodsaaklike masjinerie wat ons vir die ontwikkeling van ons nywerhede nodig het, nie uit Amerika kan invoer nie, terwyl Brittanje nog steeds nuttelose tabak uit Amerika vir sy mense invoer. Brittanje self kan baie van hierdie masjinerie nie self verskaf nie, en masjiene wat hy nog kan verskaf, moet die Unie drie jaar en selfs langer voor wag, soos in die geval van lokomotiewe vir ons spoorweë.

Hierdie toestand sal egter nie verhelp kan word deur net lenings regstreeks in Amerika te soek nie. **Dit is nodig dat Suid-Afrika hom heeltemal los woel van die Britse ekonomie en die ekonomiese Empirebande wat hom verplig om sy handel met dollarlande in steeds groter mate te besnoei, ook op onregstreekse wyse deur middel van devaluasie van ons eie geld agter die Britse pond aan. Daardeur word Amerikaanse masjinerie op kunsmatige wyse duurder gemaak, soos gebeur het na die devaluasie in 1949 toe Amerikaanse motors oornag met £300 duurder geword het. Die gevolg is dat Suid-Afrika nog meer Brits moet koop.**

Beeldradio oor Lang Afstand

Beeldradio oor lang afstande kan moontlik word indien die uitvinding van 'n jong Italiaanse radio-tegnikus die sukses blyk te wees wat hy voorgee. Hy is Achille Marincolo van Rome wat beweer dat hy beeldradio-uitsendings sover as 1,000 myl opvang met sy toestel. Sy aanspraak word tans deur die Italiaanse staatsdeskundiges ondersoek.

Vir Suid-Afrika sal so 'n uitvinding van besondere betekenis wees omdat die lang afstande hier so 'n onderneming grootliks onprakties maak.

$ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

O.B. VRIENDSKAPSENTRUM
Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
Besoek ons wanneer u in Kaapstad is
Ons pryse—die billikste *Ons diens—die beste*

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1950—1951
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
VOORRAAD BAIE BEPERK
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad